

# ⋮—: Koers :—⋮

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

---



---

DEEL XVIII. No. 1.

AUGUSTUS.

1950.

---



---



---

## DIE MAGSDAAD VAN 1875 EN DIE TOEKOMS.

---

### I.—DIE MAGSDAAD VAN DIE MANNE VAN 1875.

---

In die gedenkboek wat die Afr. Studentebond in 1925 by geleentheid van die halfeeufees van die Eerste Afr. Taalbeweging uitgegee het—'n werk wat beslis herdruk moet word—verklaar prof. M. C. Botha: „In kultuur-historiese sin is die Eerste Afr. Taalbeweging die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van S.A.”

Ons staan vandag met innige piëteit en diepe dankbaarheid by die plek waar 'n klein groepie jong manne op 'n gepredestineerde tydstip bymekaargekom het om 'n magsdaad in die geloof te verrig.

Om hul optrede na waarde te kan skat, moet dit teen die geskiedkundige agtergrond gesien word. Ek weet dat die vernaamste feite aan elke hoërskoolleerling bekend is, maar op 'n gedenkdag moet dit tog weer helder voor ons gees staan om gepaste hulde te bring aan hulle wat waarlik **manne** was.

Die manne van 1875 sou staan „vir ons taal, ons nasie en ons land.” Dit sou egter nie die eerste nasionale ontboeseming wees nie. Reeds aan die begin van die 18e eeu was die Afrikanernasie daar. Reeds gedurende die regering van die tirannieke W. A. v.d. Stel kon 'n jong man dit uitroep: „. . . omdat ik een Africaander ben.”

Reeds toe was daar 'n Afr. taal, netso geheimsinnig gebore soos die nasie self. Maar dit was nog oor die algemeen geen skryftaal nie, omdat

hulle wat dit gesprek het pioniers was, mense wat 'n land skoon en mak moes maak en wat geen geleentheid gehad het vir literêre ontwikkeling nie.

Skaars het die nasie nog begin stamel of die wrede tiran van die imperialisme het alle mag ingespan om hom dood te wurg. Getrou aan sy beginsel skeer die imperialis alles en almal oor een kam, word alle verskille genivelleer en die taal van die veroweraar, wat in die mond van die verowerde die taal van 'n slaaf is, word in die kele van die weerlose onderdane afgedruk.

Hoewel in die akte van oorgawe (1806) bepaal is dat die burgers en ingesetenes al hul regte sal behou, sal die wêreldmag ook hier weer toon dat so'n dokument vir hom net 'n vodjie papier is. Dit is bekend dat die Engelse goewerneurs alles in die werk gestel het om te verkry dat uiteindelik Engels die enigste taal in Kaapland sal wees. Skool, Kerk en openbare liggame moes elkeen hul deel doen.

In 1809 verklaar genl. Colin: „Import English teachers and the next generation will be Englishmen.”

Die eerste periode van hierdie angliseringsproses duur van 1806—1839. In hierdie tyd probeer die Engelse owerheid om met magsmiddele hul doel te bereik, soos bv. deur die proklamasie van 1822 waarin vasgelê word dat Engels in alle openbare liggame, insluitende die gereghowe, die enigste offisiële taal sal wees, hoewel slegs een uit elke tien van die bewoners Engels geken het.

En dat die opset byna geslaag het, blyk uit 'n opmerking wat 'n sekere C. Rose reeds voor 1829 gemaak het: „Most conquered or ceded colonies receive from the conquerors the stamp of their manners and customs; and though the older Africanders keep a sore and sullen distance, yet their sons and daughters move with the march of events . . . . . and make an attempt at imitation, not always successful. It is thus the society at Cape Town is a copy of English society . . . . . Then, the Cape ladies are frequently pretty, dance well, flirt readily and speak their broken English softly.”

Hoewel dit die geval in die „high society”-lewe mag gewees het, die dieper kern van die Afrikanernasie was gesond en sou sy protes openbaar, enersyds deur die Groot Trek en andersyds, by die agtergeblewenes, in die stigting van privaatskole teenoor die Engelse goewernementskole.

Omstreeks 1839 begin die outoriteite dan ook besef dat hulle ander middele sal moet aanwend en hulle begin handel ooreenkomstig die spreuk dat 'n mens meer vlieë vang met 'n lepel stroop as met 'n hele vat

asyn. Nou word daar sekere toegewinge aan Hollands gemaak. Verder word aan privaatskole subsidie toegeken as hulle Engels ook as vak invoer. Ook word verlof gegee dat die Bybel op goewernementskole gelees mag word, mits sonder kommentaar.

En werklik—die vlieë begin toestroom na die stroop toe! ! In 1845 is daar in Kaapland 12 maal meer kinders op goewernementskole as op privaatskole. Dit is die tyd van „Jokrivier” en „Cape History.” En selfs die Republieke het nie onbesmet gebly nie! Dit klink byna onge-looflik, maar selfs Potchefstroom, die eerste hoofstad van die S.A. Republiek, het tussen die jare 1850—1860 tot 'n groot mate verengels!

In Kaapstad registreer die jaar 1865 die oorwinning van Engels. Soos dit so dikwels gaan, het ouers hulle veelal laat lei deur nuttigheidsoorweginge en slegs gelet op die beste moontlikhede om vir hul kinders goeie betrekkinge te verseker. Die Engelse kultuur is oud en groot en magtig—daarteenoor lyk Afrikaans so klein en veragtelik . Maar nie alleen die skool nie, ook die kerk moes vir imperialistiese doeleindes ingespan word, o.m. deur die invoering van Skotse predikante. Ons spreek hier geen oordeel uit oor die ampsdraers van Skotse bloed nie, van wie sommige ook vir ons land tot groot seën was. Ons wys slegs daarop dat die Engelse goewerneur met hulle benoeming 'n spesifieke doel voor oë gehad het, soos hy dit duidelik in sy proklamasie van 1822 stel.

Die Kerk, waar die Hollandse taal nog 'n bolwerk gevind het, ook die Kerk moet vir politieke doeleindes gebruik word. Geen wonder dat die Kerk nie die Groot Trek kon verstaan en billik nie; dat selfs die professore op Stellenbosch soos gif teen die Patriot en ander geskrifte van die G.R.A.-manne was nie en dat die Kaapse sinode twee dae oor die saak soekgebring het.! Sankey- en Moodie-liedere en aandpreke in Engels moet die Engelse goewerneurs in hul moord-aanslag op die Afrikaanse volk help.

Die Patriotdigter C. P. Hoogenhout kon dan ook met reg die volgende versie die wêreld instuur:

„Engels! Engels! Alles Engels!  
 Engels wat jy sien en hoor;  
 In ons skole, in ons kerke  
 word ons moedertaal vermoor.  
 Ag, hoe word ons volk verbaster,  
 daartoe werk ons leeraars saam;

Hollands nog in sekere skole  
 is bedrog, 'n blote naam!  
 Wie hom nie laat anglisere,  
 word geskolde en gesmaad.  
 Tot in Vrystaat en Transvaal al,  
 oweral dieselfde kwaad.  
 „Dis vooruitgang!” roep die skreeuers,  
 „Dis beskawing wat nou kom!”  
 Die wat dit nie wil gelowe,  
 Die is ouderwets en dom . . . .”

Teen die jaar 1875 was die Afrikanerdom dan ook half aan die slaap soos op 'n warm somermiddag. Maar 'n verfrissende reën was in aantog.

'n Klein Gideonsbende sou die wapens aangord. En as ons nou let op die magtige Midianitiese leërmag waarteen hulle moes optrek, besef ons des te meer dat dit 'n geloofsaksie was. Gesien teen die donker agtergrond waarvan ons so pas gespreek het, is die daad van die paar jong manne 'n magsdaad, waarvoor maar een verklaring gegee kan word: hulle onwrikbare geloof dat God die Almagtige nasies in aansyn geroep het en dat dit sy Wil is dat hulle sal bestaan. Hul geloofsbelydenis is saamgevat in daardie bekende versie wat ons ook hier moet aanhaal, omdat dit vir ons die roepingsbesef van hierdie manne so raak tipeer:

„Daar is 'n Oog wat alles merk,  
 Hy sit die onreg paal en perk.  
 Want al die nasies het één God.  
 Hy reël ider volk sijn lot;  
 Hij het vir ider volk sijn Taal,  
 Sijn Land, sijn Reg, sijn Tijd bepaal.  
 Wie dit verag sal Sijn straf dra.  
 O God, beskerm Suid-Afrika.”

Ons het gesê: dit was jong manne! Laat hierdie feit goed tot ons deurdring. Die oudste van die stigters van die G.R.A. was 42 jaar, die tweede oudste 32 jaar, en die res was almal onder die 30. En hulle sou 'n stroom aan die gang sit wat nie weer gekeer kan word nie!

Hulle sou dit waag om teenoor die „heilige” Engelse taal die veel-gesmade „Hotnotstaal” te stel as die redmiddel van hul nasie en uiteindelik ook van hul land. Let wel: nie die magtige kultuurtaal Hollands nie, maar Afrikaans, omdat hulle oortuig was dat Hollands geen toekoms in S.A. het nie, hoewel weinige dit toe nog besef het. Wat 'n visie, wat

'n profetiese visie was nodig om dit in te sien en wel A.D. 1875! Hulle kon hierdie visie alleen besit omdat hulle deur God geroepe was, juis op hierdie tyd voordat die vereenvoudigde Hollands, 'n kragtiger teëvoeter van Afrikaans, op die toneel sou verskyn; nou op hierdie tydstip waarop die slaap van die Afrikaanse volk so maklik 'n doodslaap kon word.

Hulle geloof in God gee hierdie jong manne die moed om alleen te staan, om kerk en staat te trotseer, al moet hulle ook in die geheim werk.

Hulle geloof in God en sy beskikking gee hulle die offervaardigheid om nie na geld of eer te kyk nie. Hulle wil hul nasie dien en so hulle God verheerlik. Elkeen van die lede—so lui 'n bepaling—moet glo in die versoeningsdood van onse Here Jesus Christus. En as dit donker word vir die Genootskap dan spreek hulle af dat almal op 'n bepaalde tyd tot die Troon van Genade in die gebed sal nader. Vir hulle is God alles en hulle self niks nie. Daarom bring hulle blymoedig offers van hul aardse besittinge as dit met die geldsake van hul onderneming nie voor die wind gaan nie. Daarom spreek hulle af dat nie een van hulle die ander na sy dood sal bewierook nie. Daarom verlang hulle geen blomme op die kis nie.

En juis omdat hul geloof die geheime bronaar van hul krag was, kon hulle die volk van die Kaap tot aan die Limpopo nasionaal bewus maak. Hulle wou ook staan vir hulle nasie en hul land. Uit dieselfde besieling as die G.R.A. sou ook die Afrikaner-Bond gebore word. Die Afrikaner-Bond wat sou saamvat almal wat Afrika as hul vaderland erken, wat die ware belange van die land en van alle partye sou bevorder, wat nie alleen die taal sou beskerm nie, maar die ware Afrikaner in alle opsigte tot sy reg sou laat kom, 'n Bond wat hom as einddoel stel 'n verenigde Suid-Afrika onder eie vlag en wel met 'n republikeinse staatsvorm, soos die stigter en leier hom dit voorgestel het.

Die Afrikaner-Bond was saam met die Patriot die inspirasie agter die eerste vryheidsoorlog. Dit is u bekend dat die Patriot die beleid van lydelik verset aan die hand gedoen het. Toe sake egter op 'n punt geloop het te Potchefstroom en Paardekraal het dieselfde blad geskrywe:

„Lijdelik verset nou ijdelik verset.”

Dit was toe dat genl. Smuts gesê het: „Mense, maak skoon julle roers”!! Omgekeerd was dit weer die eerste vryheidsoorlog en veral Majuba, wat 'n elektriese vonk na die Afrikanerhart gestuur en die volk verenig het van die Kaap tot aan die Limpopo. Sedertdien was die Boerenasie 'n eenheid dwarsdeur Suid-Afrika.

Al moes hierdie nasie 'n tweede vryheidsoorlog veg, waarin dit skynbaar alles verloor het—dit het in werklikheid alles gewen. Dit het

sy siel behou en daarom kon die nasionale beweging na 1902 so gou wortelskiet en tot sulke hoogtepunte opbloeï. Dit was die vrug van die boompie wat in 1875 geplant is.

## II.—DS. S. J. DU TOIT—DIE LEIER VAN DIE EERSTE TAALBEWEGING.

As 'n mens oor hierdie geniale man spreek, dan beseft jy dat dit gaan om diepe geheimenisse. Dit gaan hier om die werk van God, om 'n belangrike skakel in die goddelike plan van die eeue.

Aan die een kant die heerlike gawe wat as uit die ewigheid in die tyd gekom het, die wonderbare, vir die mens onverklaarbare van die genie; die heldere brein, die imponerende persoonlikheid, die onversetlike wils-krag, die fisieke vermoë om soveel werk te verrig, maar dan daarnaas die diepe misterie van die dood, wat siel en liggaam uitmekaarskeur, sodat die oog wat vlamme kon laat uitskiet dof en styf word, die helder brein nie meer fungeer nie, die warm hart nie meer klop nie, die imponerende stem nie meer spreek nie.

Waar ons hier by ondeurgrondelike dinge staan, moet ons die Woord van God laat spreek. Met die oog hierop wil ek aansluit by die woorde wat op sy grafsteen in marmer uitgebeitel is: „Vader van die Afrikaanse taal; stigter van die Afrikaner-Bond; stryder vir die Calvinisme.” Hiermee is alles gesê. Op die rol waar God die volke skryf, moes ook die naam van die Afrikaanse volk geskryf word en omdat hierdie volk 'n roeping sou moes vervul aan die suidpunt van die groot Kontinent van Afrika, moes dit 'n eie taal ontvang, moes dit gewek word uit 'n doodse slaap. Daarom moes Stefanus Jacobus du Toit gebore word. Hy moes by die volk liefde laat ontwaak vir sy Godgegewe taal, hy moes die volk inspireer tot volledige nasieskap, waartoe die Afrikaner-Bond as instrument sou dien, en dit alles tot verheerliking van God Almagtig. En daarom was hy stryder vir die Calvinisme. In hierdie geloofsbelydenis wortel sy ganse optrede. Sy liefde vir sy volk en sy taal was gewortel in sy Gereformeerde lewensopvatting. Sy biograaf druk dit so uit: „Ds du Toit het die opbou van sy volk gesoek op die grondslag van **godsdien, taal en nasionaliteit**. Hy het die drie nie van mekaar geskei, om dan met een of twee daarvan weg te loop nie. In die opsig was sy werk enig; en tewens 'n harmoniese geheel; 'n ideaal van volkomeheid.”

In die eerste plek dan: **Vader van die Afrikaanse taal**. Ja, dis waar—hy was nie die baanbreker nie. Hierdie eer kom aan Pannevis en C. P. Hoogenhout toe. Maar hy was die gebore leier en—soos dit soms ook uitgedruk word—die siel van die Eerste Taalbeweging. D. F. Malherbe

sê in Populair-Wetenskaplike Leesboek, deel 4: „Bo almaal verhef hom die reusefiguur van S. J. du Toit, die leier en siel van die Beweging, die eerste in verskuns nie alleen nie, maar ook in taalkundige werk en propagandistiese geskrifte.”

Hy moes aan sy volk bewys dat dit 'n taal het—hoe ironies dit ook al mag klink—en dat hierdie taal verhewe genoeg is om die Woord van God daarin te vertaal. Sy sienersblik het bespeur dat 'n ontsettende gevaar die Afrikaanse volk bedreig, nl. die van totale verengelsing. Hy moes die Afrikaners toeroep: : „Merkt gij het nog niet waar het henen wil? 't Is tijd dat gij ontwaakt!! Weldra is het te laat!”

Terselfdertyd het hy met kennersblik gesien wat ander nie kon of nie wou raaksien nie, nl. dat daar vir Hollands in ons land geen toekoms sou wees nie, hoewel hy self nie teen Hollands gekant was nie. Die Hollands—insover dit nog van betekenis sou bly in S.A.—kon die Afrikaans help in sy stryd teen Engels. Die Afrikaanse boompie het Hollands nog eers nodig totdat dit alleen kan staan.

Stigter van die Afrikaner-Bond—as Calvinis kon ds. du Toit hom nie tot een aspek van die lewe, die taal, bepaal nie. Die G.R.A. wou staan vir ons taal, ons nasie en ons land. Ds du Toit wou ook staan vir sy nasie. Die taal moes maar net die vertolker wees van wat in daardie siel omgaan. Dr. J. du P. Scholtz het na waarheid gesê:

„Met hom is 'n nuwe soort Afrikaner gebore; hy was die eerste Afrikaanse nasionalis in die eintlike betekenis van die woord.”

As dit waar is dat die „Patriot” die bewegende krag agter die Eerste Vryheidsoorlog in Transvaal was, dan kan met reg verklaar word dat S. J. du Toit ook die vader van die vryheidsbeweging was. Hy het 'n visioen gesien van 'n Verenigde Suid-Afrika onder eie vlag en dit nie onduidelik laat blyk nie dat hy, met Calvyn, voorkeur aan die republikeinse staatsvorm gee „wyl om der zonden wille, in veler handen het gezag veiliger is te achten dan in die van een enkele persoon,” maar ook om die volgende bykomende redes:

a. Die republikeinse regeringsvorm is gewortel in ons volkshistorie. „In ons ervaring staan die monargie gelyk met onderdrukking en vreemde oorheersing en die republiek met eie nasionale ontwikkeling en waaragtige vryheid.”

b. Die republiek kom die beste ooreen met ons volksaard. „Ons is 'n vryheidliewende volk, terwyl tegelykertyd die nugter Hollandse gees wat nog steeds in ons voortlewe, gepaard met die beteuelende invloed van die Calvinistiese leer, genoegsame waarborg is teen die bandelose vryheid van die demokrasie.”

c. Die republiek is die enigste denkbare staatsvorm vir 'n verenigde Suid-Afrika. Ons het immers geen „vorste-telge” om op die troon te plaas nie!!

Baie ver het ons reeds in die rigting van sy ideaal op hierdie gebied gevorder, maar die bergspits is nog nie bereik, soos in die geval van die taal nie.

Die Afrikaner-Bond moes die middel wees om die staatkundige ideaal te bereik. Og, as hierdie Bond maar nie soveel teëwerking ondervind het nie, waar sou ons vandag gestaan het! Die program van beginsels wat ds. du Toit opgestel het, sou ons nie alleen 'n republiek gegee het nie, maar 'n waarlik Christelike Staat. Ons kan hierdie program tot 'n groot mate vandag nog oorneem wat die beginsels betref. Baie duidelik word verklaar dat hy ook op staatkundige gebied die ewige beginsels van die Woord van God bely. Nóg in die volkswil, nóg in die wet, maar alleen in God vind hy die bron van die soewereine gesag.

**Stryder vir die Calvinisme**—as sodanig het hy homself reeds vertoon op die gebied van die taal- en nasionale stryd. Hier het dit nie in laaste instansie gegaan om die taal en die nasie nie, maar om dié God wat die heerlike uitdrukkingswyse deur middel van die taal moontlik gemaak het en wat nasies in aansyn geroep het. Veral onder invloed van ds. Van der Lingen word hy geesteskind van Calvyn, hoewel hy reeds in sy prille jeug 'n geweldige sieleworsteling deurgemaak het, waarna hy nooit weer aan sy genadestaat getwyfel het nie.

Die heerlike beginsels van die Calvinisme, gegrond op Gods woord, sou hy op alle gebiede van die lewe indra. Ons het reeds gewys op sy beginsels in die politieke lewe. Ons moet nog herinner aan sy stryd vir Christelik-Nasionale Onderwys, waarmee hy sy loopbaan begin het, aan sy stryd op kerklike gebied. Die leerstukke van uitverkiesing en genadeverbond kon hy as prediker by die gracie Gods met gloed en vuur verkondig. Diep in sy siel was hy oortuig dat metodisme en liberalisme ons volk van sy ankers sal losruk. Metodisme was vir hom die brug na modernisme.

Op die gebied van die taal het ons die bergspits bereik, op die gebied van ons staatkundige ideaal nog nie, hoewel ons ver gevorder het. As ons egter moet vra: hoe staan dit met die Calvinistiese beginsels, dan moet ons verklaar dat ons nog maar aan die voet van die berg staan. Ds. du Toit het goed gesien wat die funeste gevolge van metodisme en liberalisme sal wees. Daar kan geen gepaster hulde aan sy nagedagtenis wees nie as dat ons weer studie maak van die Calvinistiese beginsels en



die lewe as 'n eenheid gaan sien, sodat ons strydere op alle gebiede mag word.

Carlyle sê van die geskiedenis: „History is the essence of innumerable biographies,” 'n gedagte wat verder verdiep word deur die uitspraak van Teufelsdröckh: Great men are the inspired (speaking and acting) Texts of the divine Book of Revelations, whereof a chapter is completed from epoch to epoch, and by some named History” (aangehaal deur dr. Dekker in Gedenkboek, uitgegee deur die A.S.B. in 1925).

Onder sy foto het ds. du Toit dan ook tiperend geskrywe. „Niet ik maar de genade Gods die met mij is.”

So was hy maar die pen in Gods Hand, waarmee 'n deel van die boek van sy (algemene) openbaring geskryf sou word. So was ook sy tyd bepaal, netsoos die van sy volk, maar in dié tyd het hy die Raad van God uitgedien. Die Afrikaanse taal het tot volle selfstandigheid gekom en sy gekoesterde ideaal is verwesenlik: die Woord van God kom tot ons in ons moedertaal, die Afrikaanse nasie neem sy plek in die ry van die volke in, die Gereformeerde leer spreek nog tot die hart van sy volk. Hy het nie verniet gelewe nie.

### III.—DIE TOEKOMS.

Niemand van ons is profeet nie en tog wil en moet ons die blik ook in die toekoms werp. Ons kan dit doen deur 'n strooitjie op die water te werp en dan waar te neem waarheen dit drywe. Of die strooitjie in 'n regte of verkeerde rigting drywe kan alleen die geskiedenis, soos belig en verklaar deur die Woord van God, ons leer.

Ons wil dan 'n strooitjie werp op die waters van ons Afrikaanse volkslewe. En dan begin ons by die teenswoordige. Verblydend is dit om te kan vasstel dat die steggie wat deur die G.R.A. en die Patriotbeweging geplant is, 'n wonderboom geword het. Dr. Schumann het dit op oortuigende wyse voor die jongste vergadering van die S.A. Akademie bewys. Waar die Afrikaner aan die begin van hierdie eeu 'n onderworpe, geruïneerde volk was, staan hy in die helfte van die eeu daar met 'n eie taal, 'n eie letterkunde, 'n eie nasionaliteit; begin hy op ekonomiese gebied sy plek inneem en het hy geword die geestelike leier op die groot kontinent van Afrika. Op hierdie punte hoef ek nie nader in te gaan nie, omdat die lesing van dr. Schumann al die feite gee.

Daar is dus 'n mooi belofte vir die toekoms, mits—en dit is 'n groot mits—ons getrou bly aan ons geskiedenis en aan ons roeping.

Om nou nie chauvinisties te word op grond van ons prestasies nie en om ons die grootpad duidelik af te baken, laat ons let op sekere

afdwaalpaaië waarop ons volk skynbaar verdwaald geraak het en wat ons die afgrond kan laat instort as daar nie 'n omkering kom nie.

Die biograaf van ds. S. J. du Toit verklaar dat hy die opbou van sy volk gesoek het op die grondslag van **godsdienst, taal en nasionaliteit**. Laat ons dit as uitgangspnt neem en begin by die **taal**.

**Taal.** Ons het sover gevorder dat een taal deur Afrikaners gespreek word, 'n taal wat oor die hele uitgestrektheid van suidelike Afrika feitlik geen dialektiese verskille aantoon nie, die spelling waarvan tot 'n groot mate vasstaan, ons eie moedertaal wat die diepste roersele van ons hart raak. Sal ons hierdie taal suiwer behou?

Daar is verskynsels wat verontrus. Ons meen blykbaar dat daar aan Afrikaans nie soveel studie as aan Nederlands en Engels bestee hoef te word nie. Dit kom vanself! Dit blyk dat daar by baie jongmense wat na die universiteite kom, so weinig besef van taal en styl is. Elke taalprofessor en elke tydskrifredakteur kan daarvan meespreek. En elkeen van ons maak homself nog maar gedurig—meestal onbewus—skuldig aan anglisismes. As ons aan die nageslag nie 'n brabbeltaal wil oorhandig nie, sal skole, universiteite, kultuurvereniginge, die pers en die handel moet toesien, dat ons taal met 'n jaloerse liefde behandel word, natuurlik sonder pynlike purisme.

**Letterkunde.** In ons eie taal is ook ons letterkunde geskrywe. Self is ek nóg literator nóg literêre kritikus, maar volgens kenners het ons, veral op die gebied van die digkuns, sedert die dae van die eerste taalbeweging reusevordering gemaak. Op die gebied van prosa en drama het ons nog nie veel wat met dié van ouer kultuurlande kan vergelyk nie.

Daar bestaan egter verskil onder literêre kritici ten opsigte van die waardering van die jongste produkte van ons letterkunde. Dit is u bekend dat ons jonger skrywers—en veral die digters—'n nuwe geluid laat hoor het. Nie soseer die vaderlandse motief staan meer op die voorgrond nie as die eie sieleworsteling, as die bespiegeling oor lewensvraagstukke; nie meer die kinderlike geloof in God en sy Woord soos by Totius nie, maar 'n titaniese worsteling en 'n deurgraving na die oerdrange. Terselfdertyd word ook nie altyd die ons ingebore kiesheid aan die dag gelê nie.

As woordkuns beskou vergelyk sommige van ons literêre produkte ongetwyfeld besonder gunstig met wat in ouer lande gelewer word. Die vraag is egter: sal blote woordkuns wat nie harmonieer met die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing nie, van blywende betekenis wees, sal dit die volk inspireer, sal dit nie veeleer 'n gevaar wees nie?

Sommige kunskritici sal dadelik antwoord: hiermee het die kuns niks te maak nie! Dit is 'n ryk op homself! Hier wil ek myself as leek skaar aan die kant van D. F. Malherbe en C. M. van den Heever wat albei self kunstenaars is. L.g. vra tereg: „Word wat verwerplik is in die lewe, groot in die kuns? Maak dit nie saak wat 'n digter verkondig nie (laat dit so verderflik en ondermynend wees as dit wil) solank as dit maar net „kuns” is?” Van den Heever verklaar verder: „Die poësie hou dus verband met die volk se godsdiens en innerlike wording, en hieruit het nog altyd die grootste poësie opgekom wat die mensdom besit. Die grootste kenners van die poësie is dit hieroor eens . . . . Kuns sonder die diep mistieke agtergrond wat die mens aan God verbind, het gou uitloop op intellektuele maakwerk en gekunsteldheid . . . . Waar die godsdiens dus aan die mens ontnem word deur harde sinisme en wêreldmoeë eksugtigheid, daar het 'n belangrike bron van kuns opgedroog en krimp die ervaring waaruit die groot poësie geweef word, tot 'n steeds nouer wordende kring van droë intellektualisme in. Dit word dan ook al onverstaanbaarder en al wat oorbly, is om op die groot, dom, burgerlike massa te skel wat nie in staat is om dergelike ingewikkelde kruiswoordraaisels op te los en na behore te waardeer nie.” Ons sou graag nog wou aanhaal, maar wil u liever vra om aandagtig die artikel van Van der Heever te lees in „Totius, digter en profeet,” deur dr. P. J. Nienaber.

Dr. D. F. Malherbe sluit die brosjure van die F.A.K. af met hierdie woorde:

„Kultuurkraaiers, die wat aan kultuur doen en ook die wat net maar daarvoor praat, laat hulle vra in hoever die blink bereikte van ons tyd met die klatergoud van Westerse namaak belas is en in hoeverre die stuwings opkom uit eie bodem. Laat hulle in eerbied terugkyk na die eerste stryd-ers vir ons volksgoed, na hul onversetlike, sedelike moed en geloof, en laat hulle vra of 'n kultuur kan standhou waarin die geloof vir die Transsendente aan kwyn is en die onopregtheid met skaamtelose voet trap waar 'n mens moet huiwer om asem te haal. Laat hulle vra of 'n kultuur kan standhou as die ongeloof aan sy wortel knaag.”

Meer hoef ek nie te sê nie.

**Kultuur.** Met taal en letterkunde hang ook die **algemene kultuurpeil** van 'n volk saam. Hoeveel het ons Afrikaanse volk aan innerlike geestesbeskawing, hoeveel aan waaragtige kultuur? Ons spreek nie van „geleerdheid” nie. Onder ons ou voorgeslagte was daar aristokrate van die gees, waardige, nobele figure, met 'n fyne smaak vir wat waar en skoon en goed is.

Is daar nie tans by ons gebrek aan ware kultuur nie al het ons 'n hoë lewenstandaard wat die tegniese aspekte betref? 'n Mens is tog nog nie gekultiveerd as jy 'n motor kan bestuur of 'n radio kan aanskakel nie. W. A. de Klerk het onlangs beskryf hoe die kultuurloosheid van die Amerikanisme Wes-Europa stormendhand inneem. Ongelukkig kry ander lande Amerika gewoonlik net te sien van die kant van Hollywood, van „comics,” Wild-West-verhale, „Jazz,” blêrkaste in die kafees en—kougom. Dit word so langamerhand ook ons kultuur—of liever kultuurloosheid.

Die hele Westerse wêreld is besig om te verwilder en ongemerk word ons met die stroom meegesleur. Sal ons nie maar weer soek na daardie „stuwing uit eie bodem” nie? Sal ons onself nie inspan vir 'n eg-Afrikaanse kultuur nie?

#### **NASIONALITEIT.**

Die G.R.A. en sy leier wou die volk ook opbou op die grondslag van nasionaliteit. Op hierdie gebied het die Afrikaner getoon dat hy 'n nasie wil wees, alle denasionaliseringspoginge ten spyt. Die ideaal van volkome, republikeinse onafhanklikheid, leef nog altyd diep in ons hart. Die Afrikanervolk het sy plek ingeneem in die ry van die volkere. Hy weet dat Suid-Afrika sy enigste vaderland is en hy wil hierdie tuiste behou vir sy nageslag wat na sy diepste oortuiging blank moet bly. Hieroor hoef ons nie meer te sê nie. Die vraag is net: gaan ons 'n blanke, Christelike volk bly, of is ons net bekommerd oor ons huidskleur?

#### **GODSDIENS.**

Ons moet dan ten slotte let op die **godsdien**s, die derde en vernaamste grondslag waarop die G.R.A. 'n volk wou bou.

Ons volk staan nog bekend as 'n Calvinistiese volk. Ons is nie skaam om dit te bely nie. Aldrie ons Afrikaanse kerke noem hulself Calvinisties. Daar verrys nog gedurig skone kerkgeboue en die erediens gaan onverpoosd deur.

Die grootste deel van ons volk is nog gedoop en het belydenis van hul geloof afgelê. Maar het die God van ons vaders nie vir baie reeds 'n „Onbekende God” geword nie, vir wie ons tog nog altare bou om „aan die veilige kant te wees?”

Ek wil hier nie vaag en algemeen wees nie, maar feite laat spreek. Dan wil ek u daarop wys dat onder die duisende wat Sondae op die openbare plesierplekke is, ook baie Afrikaners getel word. Blykbaar kom daar nie vir een oomblik gewetenswroeging in hulle op nie, dink hulle

nie aan God nie. As daar 'n „baberkompetisie” op Sondag gereël word, dan is daar duisende Afrikaners. As die Voortrekker-monument plegtig onthul word en oor die luidsprekers uit die Skrif gelees en gebid word, dan wandel duisende Afrikaners daar rond sonder dat hulle die minste eerbied betoon. Ook hier 'n proses van verwildering. Waar die egte godsdiens nie is nie, is ook nie die egte kultuur nie.

Sal ons die werk van die manne van die G.R.A. voortsit, sal ons ons identiteit as Boerevolk behou, dan moet daar grondige Reformasie kom, allereers op godsdienstige gebied, en dan sal dit vanself weer deurwerk na al die geleidinge. Ons moet weer in die volle sin van die woord Calviniste word, dit wil sê mense met 'n **afgeronde lewens- en wêreldbeskouing**, mense uit een stuk, wie se Sondags- en Maandagsgodsdien presies ooreenkom, wat die ordinansies van die soewereine God op **alle lewens-terreine** erken en wat in Christus hulle persoonlike Verlosser vind, asook hulle Koning.

Mag ons in hierdie feesdae weer regte Afrikaners wees, Afrikaners met Afrikaanse harte, met harte wat verenig is tot die vrese van Gods Naam. Dan—met ons land en met ons nasie sal dit wel wees! Ook al breek die magte van die Kommunisme los, ook al word Afrika die mikpunt van hierdie goddelose agressie!

Potchefstroom.

S. DU TOIT.

---